Kuns uit ons klipkoppies tref Mississippi

Submitted by WE on Thu, 2014-09-04 03:09

Mariana Balt - Dis maar net vir haar makliker om ? gat in ? stuk klei te druk as wat dit is om ? gat te probeer teken. Só verduidelik die internasionaal bekende pottebakker Antoinette Badenhorst hoekom sy by dié kuns betrokke geraak het.

Antoinette is nog een van Namibië se uitvoerprodukte wat oorsee naam gemaak het, maar haar wortels stewig in hierdie land se rooi grond geanker hou. Sy het in Julie ? klasreünie van haar 1974-matriekmaats hier in Windhoek bygewoon en met Windhoek Express gesels.

Die Ovitoto-reservaat, waar haar pa destyds die kommissaris ("Morena") was, was haar grootwordplek. Sy het op Okahandja en in Windhoek skoolgegaan voordat sy op Potchefstroom gaan studeer het.

"Ek was ? dromer, maar altyd gereed om ? uitdaging te aanvaar," beskryf sy haar kinderjare. "As hoërskoolleerling in die koshuis het ek dikwels my studieaande omgedroom met my oë op die sonsondergang in die Khomas Hochlandberge . . ."

Sy wou daardie jare nog 'n onderwyser word, maar namate sy by sang, voordrag en toneel betrokke geraak het, besluit om as radio-omroeper te gaan werk. Joernalistiek was helaas vir haar ? "vervelige" studierigting en tog bied sy vandag aanlynklasse aan en haar sukses hang grootliks van haar optrede voor die kamera en haar taalvaardigheid af. "Ek dink ek het eindelik ? paar ideale bymekaar gebring, want ek is tog nou ook ? onderwyser, net vir voornemende pottebakkers," lag sy.

As jong meisietjie het sy dikwels naweke op die plaas (reservaat) droomverlore in die veld rondgeloop en huis-huis op die klipkoppie agter die huis gespeel waar sekere klippe as meubels gedien en klipformasies vol water ná die reën haar gefassineer het. "Dan het die klein, rooi fluweel spinnekoppies my troeteldiertjies geword en hier het ek die eerste keer bewus geword hoe ? mens reën van ver af kan hoor aankom voor dit jou tref," onthou sy.

Boomgom het haar ook geïnteresseer. "Het jy al gesien watter interessante vorm ? lekker verouderde stuk boomgom kan aanneem?" vra die kunstenaar.

Haar ma het geskilder, maar haar nooit aangemoedig om dit te doen nie. "Op laerskool was ek nie gewild by die kunsvlytjuffrou nie. Op hoërskool het ek wel kunsklas bygewoon, maar was nie gefokus nie omdat ek gedink het dat ek dit nooit so goed soos my ma sou kon doen nie." Sy het haarself toe in ander buitemuurse aktiwiteite soos sport, koor, toneelkuns en skryf uitgeleef.

Kuns loop steeds dik deur haar gesin. Haar man, Koos, is ? fotograaf en musikant; hul oudste, Izalda, het al skryfwerk publiseer, maar maak nou kinders groot en hou haar met meubelrestourasie en naaldwerk besig.

Hul middelste dogter, Mari-leen (bekend as Linkie), is besig om bekendheid te verwerf met kosmaak en koekversiering in Amerika. Sy was twee jaar gelede ? finalis op die Amerikaanse "Food Network" maar skilder, sing en speel ook klavier. Tinyke, hul jongste, het ? meestersgraad

in operasang, versorg tans haar tweeling en maak juwele, iets wat sy tydens haar skooljare vir sakgeld begin doen het en nou baie sukses mee bereik.
“Toe die kinders klein was, wou hulle nooit by my werk betrek word nie, hoewel hulle baie trots was op hul ma se skeppings,” sê sy. “Ek het egter geglo dat hulle moes saamspan as daar ? wa deur die drif te trek was en ek glo dat dit hulle geleer het om selfstandig te werk. Vandag ondersteun ons mekaar en werk dikwels saam om iets te laat slaag.”
Antoinette het in 1995 haar eerste uitstalling gehou waar sy deur die Noord-Transvaalse pottebakkersvereniging vereer is. Daarna het haar werk in galerye en museums dwarsoor Suid-Afrika bekend geraak.
In 1999 het Koos ? werksgeleentheid in Amerika gekry en die gesin het dit aangegryp. “Ek sien nogal heelwat raakpunte tussen Mississippi en Namibië,” sê sy. “Dis ? oop en vry land met boere en beeste en perde, maar hier is baie, baie meer water as in Namibië en die wêreld is altyd groen. In Namibië was ons baie bewus daarvan as dit reën en hier is ons weer oorbewus van tornado’s.”
Sy mis wel die Namibiese son en die pragtige sterrenagte. “Hier beleef ek dikwels die son, maan en sterre deur ? digte voglaag. Die humiditeit hier is baie hoër, maar aan die ander kant het ons hier ook pragtige sonsondergange, veral as die wolke maal en kolk.”
Sy sou graag wou hê dat haar kuns hier in Namibië beter bekend sou raak as wat tans die geval is. “Met die onlangse skoolreünie het my storie op die voorgrond vir ? paar mense geplaas en ek sou graag aan die land waaruit ek gegroei het, iets teruggee.”
Oor waarom sy uiteindelik pottebakkery as kunsvorm gekies het, spot sy dat dit baie makliker is om ? gat in ? stuk klei te druk as wat dit is om ? gat te probeer teken!
“Ek is lui om te teken, hoewel ek dink ek nogal kan as ek wil. My werk het van gewone potte maak beweeg na dié van meer verfynde beeldhoustukke. Ek dink ek sal beeldhouwerk nogal geniet, maar is lui vir realistiese werk. Ek geniet abstrakte kuns baie meer, dalk omdat dit makliker is om iets uit my onderbewussyn te haal as om iets na te vors en dan realisties weer te gee.”
Antoinette glo dat haar werk onbewustelik deur die omgewingsfaktore wat sy as kind beleef het, beïnvloed word. “Ek het tussen die Hereros grootgeword. Die swiep van die helderkleurige, lang rokke wanneer hulle loop en die kopdoeke moes ? sterk indruk op my gemaak het.”
Uit die aard van die saak vind natuurverskynsels ook sterk aanklank in haar werk: Die draai van koedoehorings; die kwê- en neushoringvoël se lyne; watermerke wat soos slangsleepsels in die sand van droë rivierlopies agtergebly en die manier waarop wind die sandduine in die Namib gevorm het.
“In die geheel dink ek die ‘ritme van Afrika’ het sy eerste inslag in my klein gemoed gekry daar tussen die klipkoppies om Okahandja.”